

17 Januarie 2013

Jaargang 5 – Uitgawe 44

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Kommentaar
- Agterblad



Teken in op die e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

• Stuur 'n e-pos aan karen@nhk.co.za

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

VOORBLAD

As EK IS WAT EK IS in jou lewe kom, en jy glo, is jy geroep!

By geleentheid van legitimasie van ses finalejaars kon elkeen van ons seker, soos hulle, 'n storie vertel van hoe die Here my grootgemaak het, aangekeer en toe in 'n stadium met sy teenwoordigheid in my lewe kom inbrand het. Verstaan ons almal dat Hy daarmee saam ook 'n roeping kom neersit, en die potensiaal laat ontplof om voortaan werklik te kan lewe?

In Eksodus 3 voor die bos wat nie uitbrand nie, arresteer God Moses se aandag met dié natuurwonder en met *Trek uit jou skoene, want jy staan nou op heilige grond omdat God hier is*. Respek gevra nie vir die plek nie, maar vir die feit **dat God hier is**.

God het *afgekom* omdat Hy sy volk se swaarkry gehoor het, hulle wil uitgryp uit 'n situasie wat menswees onderdruk, en Kanaän toe vat, waar dit wyd en vry is en hulle God sal kan aanbid. En Moses moet lei!

Maar Moses kwyn wantrouig: *Wie is ék?* Voorheen selfaangestel as regter, laksman... en redder. Maar na hy verwerp is, moes vlug, nederigheid moes gaan leer, het hy nou die beste kandidaat vir die opdrag geword. Die vraag hier is egter nie *Wie is Moses?* nie, maar *Wie is dit wat by Moses is? Wat is sý Naam?*

Ek is wat Ek is. Ek wat is, stuur jou. In die geskiedenis van die heelal is daar net een wese wat oor homself 'n uitspraak soos hierdie kan maak! Onaantasbaar vry, onvoorwaardelik selfonderhoudend, Ontwerper van 'n werklikheid wat goed is. Waar Hy is, is dinge werklik, waar, regtig. As Hy dan in jou ruimte inkom, kan iets daarvan met jou gebeur, jy kan word soos Hy dit wil.

En die teken, omgekeerd: *Israel sal saam met jou hier aanbid*. 'n Belofte! Iets meer van die proesel wat jy nou kry. *Ek gaan met jou 'n pad saamloop waarvan die uitkoms Vryheid is*.

Liewe jong dominee, Hervormer: Jy mag jousef nie op 'n troontjie sit nie, want jy het niks gedoen om dit te verdien nie! Ons is net maar magteloos begenadigde sondears, kaalvoet op heilige grond voor 'n ewige God. Heilig, nie omdat ons Hervormers is, geoef in kerkgebruik, etos en belydenis, of omdat ons in een van die oudste kerkplekke van ons Kerk sit nie, maar heilig omdat God hier is! En omdat Hy gekies het om dit te doen, is ons geroepenes.

Godsopenbaring dwing roeping, as God van Homself iets wys, impliseer dit aanbidning, en dat Hy jou taak! Elke gelowige is geroepene! Aanbidning is bewustelik besig wees met 'n lewende God wat heelyd in jou gesig is – harde geloofswerk! As ek dit maar net wil onthou! Dit gaan nie oor my nie, maar oor Hom wat is, en was en kom, en by my sal bly!

Die jong geslag se denkpatrone wat so ingestel is op dit wat in die oomblik waar is, bring 'n onopgesmukte eerlikheid in die soeke na wat in Christus waar is. Die oorlewing van die kerk lê daarin. Die wêreld, gelowiges, skree na die waarheid, na dit wat regtig is. Gaan kry dit op jou plek voor God, daar waar Hy heelyd vir jou iets sal wys van hoe Hy is, sodat jy jou roeping kan leef.

Ds Pierre Jacobs

*** Hierdie is enkele hoofgedagtes uit ds Jacobs se boodskap tydens die erediens die aand van 8 November 2012 met die legitimasie van ses nuwe proponente. Sy seun, Pierre, is ook tydens dié geleentheid gelegitimeer.

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die Hervormer www.hervormer.co.za

e-Hervormer www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html

Indien u nie weer die e-Hervormer wil ontvang nie, klik op www.hervormer.co.za/cancel.html



BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by ernest.vaneck@up.ac.za om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by www.nhka.org te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.



Ds Colin Hertzog

Ds Werner Mans

Beroep ontvang

- **Ds Colin Hertzog** van Middelburg-Noord na Rustenburg-Suid
- **Ds Werner Mans** van Turffontein na Duncanville
- **Dr Ananda Geysler-Fouché** (beroepafwagting) na Philadelphia
- **Prop Leanie Oberholzer** na Pretoria-Oos (benoeming)
- **Ds Jasper van der Westhuizen** van Vryburg na Randfontein Midpark

Beroep aanvaar

- **Ds Werner Mans** van Turffontein na Duncanville
- **Prop Leanie Oberholzer** na Pretoria-Oos (benoeming)

*** **Prop Leanie Oberholzer** is op 13 Januarie 2013 georden in Gemeente Pretoria-Oos, en **ds Werner Mans** is op dieselfde dag bevestig in Gemeente Duncanville.



Dr Ananda Geysler-Fouché

Prop Leanie Oberholzer

Vakante standplaas

- **Gemeente Pretoria-Noord** beplan om eersdaags te beroep, en wag aansoeke in van predikante wat in **deelydse** hoedanigheid in die gemeente kan werk en kan help dat die gemeente 'n **deelsorgstandplaas** kan onderhou. Die gemeente bestaan uit 242 belydende lidmate, waarvan die helfte bo 50 jaar oud is. Die omvang van verantwoordelikhede is onderhandelbaar in die lig van die beperkinge van die deelydse standplaas. Inligting oor die gemeente en die versorgingspakket is beskikbaar op aanvraag. Navrae kan gerig word aan Erica du Toit by 012 546 6445, en CV's kan gestuur word na nhkerk@4data.co.za. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **31 Januarie 2013**.



Ds Jasper van der Westhuizen

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed na produksie@nhk.co.za.



Mnr Hendrik Vermooten

- **Mnr Hendrik Vermooten**, argitek van die Dirk van der Hoffgebou en ongeveer 150 kerkgeboue regoor die land, is op 3 Januarie in die ouderdom van 91 jaar oorlede. Die roudiens is op Donderdag 10 Januarie vanuit Gemeente Pretoria-Oos gelei deur ds Dries Beukes. Mnr Vermooten het op verskeie maniere in die Kerk gedien, onder meer as lid van die Raad van Finansies. Hy was die broer van prof Wouter van Wyk se vrou, Ierene, en mev Erma Zondagh van Gemeente Montana. Ons innige meegevoel gaan aan die familie.
- **Renier Botha**, seun van mev Lena en wyle ds RP (Renier) Botha, is gedurende die vakansie in 'n motorfietsongeluk oorlede. Die begraving het plaasgevind op 4 Januarie. Ons innige meegevoel gaan aan mev Botha en die familie.
- **Oudl Dave Lizamore** van Gemeente Philadelphia en lid van die Kommissie van die AKV, se oudste seun, James, is net voor Kersfees gediagnoseer met 'n gewas op die breinstam. Hy ontvang tans chemoterapie en bestraling, en die familie het die Kerk se voorbidding baie nodig.
- **Ds Marius Venter**, wat tans met siekte-emeritaat is, het op 5 Desember 'n rugoperasie ondergaan. Ons wens hom spoedige en algehele herstel toe.



Drie goeie vriende saam!



Toktokkie vir liefdadigheid

**Aksiegroep
Gestremdheid**

agb aksiegroep
vir bejaardes

- **Ds Werner Venter** van Gemeente Schoemansdal **se vrou, Hannetjie**, is ernstig siek in die Little Company of Mary. Dit gaan onder omstandighede goed met haar en sy is reeds besig met rehabilitasie. Die Kerk bid hulle die Here se seën toe in hierdie tyd van beproewing.
- Op Sondag 2 Desember het **Gemeente Hartebeeshoek** 'n spesiale geleentheid gehou om vir **prof Theuns Dreyer en sy vrou, Martie**, dankie te sê vir die werk wat hulle as brugpredikantspaar vir 'n tydperk van 18 maande in die gemeente gedoen het. Hulle het ook prof Theuns se 66ste verjaardag gevier. Dr Fanie Pretorius en mnr Kobus Viljoen en hul gades was teenwoordig. Dr Fanie het prof Theuns namens die gemeente gelukgewens.
- Baie geluk aan **al die kinders van ons** Kerk wat goed presteer het in verlede jaar se **matriekeksamen**. Ons wens hulle net die beste toe vir die volgende opwindende fase in hul lewens.
- Op Vrydag 30 November het 'n klompie kinders van **Leeudoringstad** bymekaargekom om **toktokkie** te speel vir **barmhartigheid**. Die kinders is in die strate van Leeudoringstad afgelaai en hulle het by die huise aangeklop om ietsie onbederfbaar te kry vir die barmhartigheidskis. Die inwoners kon 'n blikkie gee of kontant wat dan weer aangewend sou word vir aankope wat nog kort. Die inwoners het elkeen 'n suigstokkie gekry met die doel van die insameling daarop vasgeplak. Alles wat ingesamel is, is aan LOF (Leeudoringstad Ondersteunersforum) oorhandig, waarvandaan dit versprei is. Die kinders in Leeudoringstad wil die gemeenskap en inwoners hartlik bedank vir hul gulhartige ontvangs en ruim bydraes. Dankie ook vir die Hervormde Kerk wat die kinders se honger gestil het met 'n sosatiebroodjie en koeldrank. Vir enige verdere skenkings kan ds Lammert van Rooyen (voorsitter van LOF) by 018 581 3432 geskakel word, of Pierre Rossouw by 018 581 9555.
- Elke gemeentelike diaken word herinner aan die **vraelys vir 2013 Jaar van Gestremdheid** wat voltooi en gestuur moet word aan die **ADV-kantoor**. As u wil hê dat ons die vraelys weer vir u moet aanstuur, skakel Sonet Esterhuizen by 012 322 8885 x221 of stuur 'n e-pos na diens@diakens.co.za.
- **Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer.** Moenie óór mense praat nie, praat mét hulle. Die persoon self weet beter as enigiemand anders wat sy/haar behoeftes is. Vra byvoorbeeld vir 'n blinde persoon self of hy/sy 'n koppie tee wil hê, in plaas daarvan om die begeleier/versorger/ouers te vra.
- Die **Eendrachtkring** (emeriti en predikanteweduwees) wens die hele Kerk, predikante, kerkrade, gemeentes, die personeel van die Kerkkantoor en alle sinodale kommissies 'n goeie en geseënde jaar toe. Mag die Heer van die kerk julle deur sy Gees lei sodat alles wat gesê en gedoen word tot sy eer en verheerliking sal wees.
- Die **Aksiegroep vir Bejaardes (AGB)** wil graag in die gees van 'n nuwe jaar met soveel moontlikhede en geleenthede die hele Kerk maar veral die diakens, AGB-takke en almal wat met bejaardes te doen het, voorspoed en sterkte toewens. In lyn met die ADV se klem vir 2013 op mense met gestremdhede, is dit die AGB se gebed en hoop dat ook ons bejaardes met gestremdhede die nodige liefde, aandag en bystand sal ontvang.
- Ons het die volgende skrywe van **matrone Alet Botha van die Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis** ontvang: "Ons as inwoners van AMOT en personeel sê dankie aan al die gemeentes wat ons die laaste drie jaar so getrou ondersteun het met donasies en skenkings. Dit word opreg waardeer. Die fondse het vele gaatjies, waar daar behoeftes was, gevul."



- Daar is ook verskeie **waarderingsbriewe** van emeriti en predikanteweduwees ontvang na aanleiding van die **2013 Almanak/Bybelse Dagboek**, onder andere van ds Louis Nel, ds Coen de Lange, mev Lenie van Wyk en mev Sus Dreyer. Dié besondere publikasie van die Hervormde Kerk is beskikbaar teen R120 per eksemplaar (posgeld uitgesluit). Bestel van mev Susann van Zyl, 012 322 8885 x291, sentik@nhk.co.za, faks 086 633 4054.
- Die volgende versoek is ontvang van **ds Herman Grobler**, 'n emerituspredikant van die NG Kerk: "Ingrypende **verskille** tussen ouer **Bybelvertalings** soos die 1933/53 Bybel en die KJV, teenoor moderne vertalings soos die 1983 Bybel en die NIV, is 'n werklikheid. Wat is God se *Sola Scriptura* en wat verdraaiings? Ek doen 'n stelselmatige ondersoek na die oorsake vir hierdie verskille, hoofsaaklik uit die Nuwe Testament, en plaas die resultate by www.bybelverskille.wordpress.com. Die 2016 Kerkbybel is op hande en verskille wat kommer wek moet dringend, vóór publikasie, onder hul aandag gebring word. Predikante en alle belangstellendes, lewer asseblief jul insette. Ontvang 'n afskrif van die plasings per e-pos. Kontak my by bybelverskille@gmail.com."
- Daar is twee nuwe artikels geplaas op **Die Hervormer** se webblad. Kyk by www.hervormer.co.za onder *Teologiese gesprek*. **Dr Piet van Staden** van Stellenbosch/Worcester skryf oor *Die Hervormde Kerk – 'n huis teen homself verdeeld*, en **dr Piet Boshoff** van Vereeniging oor *Verdere mymeringe van 'n bemiddelaar*. Lesers is welkom om artikels vir publikasie aan die redakteur van *Die Hervormer*, dr André Ungerer, by andreung@telkomsa.net te stuur.
- **Ds Chris le Roux** van Stellenbosch/Worcester se **selfoonnommer** het op 1 Desember verander na 079 495 3239.
- **Gemeente Magaliesburg** se **faksnommer** het verander na 086 720 8463.
- **Gemeente Benoryn** beskik oor 'n **vakature vir 'n orrelis**. Stuur aansoeke na die gemeentelike kerkkantoor vir aandag Annette: benoryn@telkomsa.net / 011 849 1179; of ds Marlize Gasson: dominee@vodamail.co.za / 011 849 3266 / 072 117 0317.
- **Gemeente Wonderboom** beskik oor 'n vakature vir 'n orrelis. Kontak die skriba, Pieter Mulder, by 012 567 2975 of wboom@nhk.co.za.
- **Preekbeurte in Dullstroom**. Predikante kan by Gemeente Dullstroom preek en gratis verblyf vir die naweek kry. Die gemeente bied gratis verblyf vir 'n **predikant en sy/haar gade** in ruil vir die gratis preek; **een** voorskoolse kind kan gehuisves word. Daar word voorsien vir **twee nagte**; indien u 'n ekstra nag wil oorbly en ekstra mense bring, moet u dit **vooraf** met Jan Bette by 073 790 3357 bespreek; die derde nag en ekstra mense is op u eie koste. Kontak Johanna by 072 116 3353 of nhkdullstroom@yahoo.com.

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 25 Januarie, en word hartlik geluk gewens.**
 - Donderdag 17 Januarie: Di Willie Roos (emeritus) en CJ van Wyk (Randburg)
 - Saterdag 19 Januarie: Ds Martin Slabbert (Philadelphia)
 - Sondag 20 Januarie: Ds Martyn Redelinghuys (emeritus)
 - Maandag 21 Januarie: Di Stephen de Beer (Noordwestelike Pretoria), Gerrie Senekal (Lichtenburg) en dr Johan Nel (beroepafwagend)
 - Dinsdag 22 Januarie: Ds Willem Slabbert (emeritus)



- o Woensdag 23 Januarie: Dr Wouter van Wyk (SENTIK) en ds Jan Wallis (emeritus)
- o Donderdag 24 Januarie: Ds Marius Kramer (Kampersrus)
- o Vrydag 25 Januarie: Di Riaan Botha (Standerton), Pierre Kotzé (siekte-emeritaat) en Oppies Opperman (beroepafwagend)

Beplande vergaderings

- Donderdag 17 Januarie: Redaksie van *Die Hervormer*
Finkom van die ADV
Agendakommissie van die AKV
- Vrydag 18 Januarie: Moderamen
- Dinsdag 22 Januarie: ADV Kommunikasie
Koördineringskomitee
- Woensdag 23 Januarie: Bestuur van die Ondersteuningsraad
- Donderdag 24 Januarie: Komitee vir Ouderlinge
- Vrydag 25 Januarie: Finkom van die Ondersteuningsraad

Kursusse en toerusting

- **Gemeente Kaapstad: Werkswinkel oor MIV/vigs: Datum later bekend**
Vir gemeentes in ring van Wes-Kaapland
Aangebied deur kenners
Wat is die feite, hoe raak dit ons as Christene?
Kontak diak Tarbi Prinsloo by 083 228 5590 of tarbi224@gmail.com
- **UP: Sentrum vir Kontekstuele Bediening: Kortkursus**
Basiese beginsels van berading
Eenjaarkursus deur afstandonderrig
Bywoningssertifikaat na suksesvolle voltooiing
Studente ontvang studiemateriaal en werkopdragte ná registrasie
Vereiste: Minimumkwalifikasie van graad 10-sertifikaat
Vir enigeen wat belangstel in berading of hulpverlening
of diensbaar wil wees in gemeentes/gemeenskappe
Koste: R2 400
Navrae aan dr Johan Nel, 083 400 0267 / jnel@ufs.ac.za

Kampe en toere

- **Gemeente Stellenbosch: Aanvangskamp 2013**
Saterdag 19 Januarie tot Dinsdag 22 Januarie 2013
Alle voornemende (en huidige) Maties welkom
Dink op geestelike vlak saam oor dit wat wag
Kontak ds Chris le Roux by 082 905 0818 of stellenbosch@nhk.co.za
- **Gemeente Philadelphia: Eerstejaarskamp 2013**
Saterdag 19 Januarie tot Woensdag 23 Januarie 2013
Vir die eerstejaars van Tuks
R900 per persoon
Deposito van R400 bevestig jou plek – beperkte plekke beskikbaar
Inskrywings en betaling tot dag van kamp aanvaar
Skryf elektronies in by www.tuksejk.wozaonline.co.za
(kan nie op Google gesoek word nie)
of kontak Hanri de Beer by 073 171 5386 of hanridebeer@gmail.com
- **Vrouekamp 2013: 19-21 April**
Mopani Lodge, net buite Pretoria
Sprekers ds Janine Bevollo-Manders en ds Marna Naudé
R550 per persoon (akkommodasie en etes ingesluit)

Kontak Jana Peenze by 083 7345 426 of janapeenze@vodamail.co.za
of Stefanie Theron by 082 825 7944 of stef1@absamail.co.za

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Wonderfontein: Sleepwakompetisie**
Wenner: Riaan du Plooy
Sleepwaentjie geskenk deur S&S Sleepwaens op Welverdiend
Baie dankie aan elkeen wat 'n kaartjie gekoop het
Hierdie projek was 'n reusesukses!
- **Gemeente Brits: Boufondsversoek**
Dra by tot die gemeente se boufonds
SMS **KERK** na **48716** en dra R10 by
Fondse word gebruik om die geboue te herstel
Meer as een SMS is baie welkom
Navrae aan ds Kobus Celliers by 012 252 0158
- **Die Christelike Vrou: Fotokompetisie**
Oupas, oumas en kleinkinders
Fokus op interaksie tussen generasies
Slegs elektroniese inskrywings, geen inskrywingsfooie
Stuur elke foto apart na DieChristelikeVrou@gmail.com
Noem fotograaf se naam, alle kontakbesonderhede, inligting oor foto
Sluitingsdatum: 31 Januarie 2013
Kontak ds Hannelie Botha by 082 923 9439 of hbotha@bvm.gov.za

GEMEENTES HARTBEEFFONTEIN EN GERDAU: FONDSINSAMELING

Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery
Geleentheid om R50 000 in te samel
Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
Trekking in Oktober 2013
Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of barrypret@lantic.net
Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253



Basaars en markte

- **Vrydag 1 en Saterdag 2 Februarie 2013: Gemeente Nelspruit Maroela-karnaval 2013**
Vrydag 14:00 tot 22:00
Saterdag 08:00 tot 22:00
Terrein van Hoërskool Bergvlam, Nelspruit
R50 per persoon (vir een of albei dae, kinders onder 12 gratis)
Navrae en kaartjies: 013 741 1455

ANDER NUUS

- **ONDERSTEUNINGSRAAD: VAKATURES**
 - **Voldagposte vir Afrikaanssprekende maatskaplike werkers** in Vanderbijlpark en Kempton Park.
 - **Halfdagpos vir Afrikaanssprekende maatskaplike werker** in Nylstroom.

Die geskikte kandidate moet by die Raad vir Maatskaplike Diensberoeperegistreer wees en oor 'n geldige rybewys beskik.

- o **Halfdagpos vir sekretariële beampte** in Witbank.

Vereistes: Graad 12, rekenaargeletterdheid, geldige rybewys en sekretariële ondervinding, asook kennis van boekhouding.

CV's kan gerig word aan oraad@nhk.co.za of skakel 012 322 8885 x290 om 'n aansoekvorm te bekom.

Sluitingsdatum: 25 Januarie 2013.

- **TRANSORANJE INSTITUUT VIR BUITENGEWONE ONDERWYS (TOIBO)**

Prinshofskool graad 12-uitslae: Januarie 2013

- o Prinshofskool vir visueel gestremde leerders het vir die 17de agtereenvolgende jaar 'n slaagsyfer van 100% in die graad 12-eindeksamen behaal.
- o 12 van die 18 kandidate het gekwalifiseer vir universiteitsvrystelling. Dit verteenwoordig 66,7% van die kandidate.
- o Die groepgemiddeld is 57,9%.
- o Daar was 10 onderskeidings: 1 in Afrikaans Huistaal, 1 in Engels Eerste Addisionele Taal, 3 in Lewensoriëntering, 1 in Wiskunde, 1 in Fisiese Wetenskap, 1 in Lewenswetenskappe, 1 in Rekenaartoevoegingstechnologie, en 1 in Musiek.
- o Zak Claassen het 7 onderskeidings behaal en het 'n toekening vir die beste prestasie in 'n gespesialiseerde skool in Gauteng ontvang. Wat dit merkwaardig maak, is dat hy as blinde leerder vakke soos Wiskunde, Fisiese Wetenskap, Lewenswetenskap en Rekenaartoevoegingstechnologie geneem het, almal met 'n sterk visuele komponent.
- o Die skool het ook 'n trofee ontvang as een van net drie skole vir leerders met spesiale onderwysbehoefte in Gauteng met 'n 100%-slaagsyfer.

Sonja Smith
BEGRAFNISGROEP

*"'n Sagte hand
in die seerste tyd..."*

f 079 895 4414 24/7
www.sonjasmith-funerals.co.za

(EDMS) BPK
2005/044567/07

Advertensies in die e-Hervormer

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die e-Hervormer geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit teks van ongeveer 110 woorde (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar daar sal nie onderhandel word oor die uitleg daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na produksie@nhk.co.za. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die teks en bewys van betaling moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die e-Hervormer word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word

op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasinge. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit).** Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

KOMMENTAAR

Lesers kan kort kommentaar (**uiters 100 woorde**) stuur aan produksie@nhk.co.za. Langer bydraes sal nie geplaas word nie, en moet eerder na die gespreksforum van die Kerk se webblad gestuur word; gaan dan na www.nhka.org → Praat saam en kies die opsie wat u pas. Anonieme bydraes word ook nie gebruik nie. Die finale besluit oor plasing in die *e-Hervormer* berus by die redakteur.

Op 29 November 2012 ontvang:

“Dis jammer die volgende *e-Hervormer* verskyn eers in Januarie. Ek het dit geniet elke week. Baie dankie.”

Gerold Baring Liegnitz, Duitsland

AGTERBLAD

Welstandsprogram vir predikante en hul gesinne

Die Hervormde Kerk poog reeds vir ’n geruime tyd om ’n welstandsprogram vir predikante en hul gesinne daar te stel. Dit spruit voort uit die kommer oor predikante wat die bediening verlaat het, of wil verlaat.

Die Kommissie van die AKV is ook deeglik bewus van die hoë en soms onrealistiese eise wat die bediening aan predikante en hul gesinne stel. Dit lei dikwels tot hoë stresvlakke by die predikante en hul gesinne, wat die oorsaak is van spanning in die huweliks- en gesinslewe, asook uitbranding en depressie. Kommer oor die finansies van gemeentes en bekommernis oor die predikant se eie finansiële posisie, tans en ook met emeritaat, veroorsaak verdere onsekerheid en spanning.

Die Welstandsprogram sal uiteindelik uit drie bene bestaan, naamlik ’n voorkomende faset, ’n terapeutiese faset, asook ’n jaarlikse monitering van predikante en hul gesinne. As deel van die voorkomende faset het kundiges meegewerk aan ’n gids wat die verskillende probleemareas in die lewe van predikante en hul gesinne bespreek. Die doel van die gids is dat predikantsgesinne, kerkrade, ringskommissies en almal wat ’n ondersteunende rol kan speel, bewus gemaak moet word van die verskillende sake wat kan bydra tot krisis in die pastorie. Die gids gee wenke wat kan help om krisis te voorkom.

Die gids is beskikbaar op die Kerk se webblad (www.nhka.org) by So werk ons → Toerusting → Kursusse. Die ideaal is dat alle rolspelers – predikante en hul gades, ringskomitees vir predikante en ouderlinge – van die gids sal kennis neem en dit sal bespreek. Die gids is ook in hardekopieformaat beskikbaar teen R30 (posgeld uitgesluit). Kontak mev Susann van Zyl by 012 322 8885 x291, sentik@nhk.co.za, faks 086 633 4054.

Die laaste faset van die Welstandsprogram behels ’n jaarlikse meetinstrument wat elektronies via die internet gedoen sal word. Hierdie eerste elektroniese vraelys is ’n toetslopie om ’n behoeftebepaling te doen van die situasie in ons gemeentes. Ons versoek elke predikant en sy of haar gade om die vraelys te voltooi. Die vraelys word via die internet gedoen, en u kan dit vind deur op die volgende skakel te klik: <http://www.surveymonkey.com/s/JV8KVDP>

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel